ADVERTENSIES

STEYNTJIENUUSBRIEF 13

Tel: 011 902 4904 / 4726
Faks: 011 902 5502
e-pos: presteyn@mweb.co.za

20 April 2017

AKADEMIE

Welkom terug aan die leerders, ouers en personeel. Ons glo dat die kort ruskansie was genoeg om die "batterye" te herlaai vir 'n besige tweede kwartaal.

Laaste maar nie die minste nie, baie welkom aan al die nuwe Steyne-ouers en leerders. Raak so gou moontlik betrokke by die Steyne. Ons vertrou dat u baie gelukkig gaan wees en sommer gou tuis gaan voel.

Gr 1 en Gr 8 INSKRYWINGS VIR 2018

Die **"on-line registrasie"** vir ouers wat deur die departement ingestel is om hul nuwe Gr 1 leerders vir 2018 asook die leerders wat Hoërskool toe gaan in 2018 te registreer, **open op 2 Mei 2017.**

U MOET SO GOU MOONTLIK REGISTREER OM TE VERSEKER DAT KINDERS GEPLAAS WORD.

KAALVOETDAG
21/04

Op Vrydag, **21 April 2017,** kom die kinders **kaalvoet** skool toe. U het alreeds 'n brief ontvang met inligting op van watter **nie-bederfbare item** elke graad môre moet saambring.

So kan ons behoeftige mense help. Byvoorbaat dankie daarvoor.

STEYNEGROETE

SPORT

OUERVERGADERING – VANAAND
20 APRIL 2017

Welpie- en nooientjiedag - 6 Mei 2017

Op **Saterdag 6 Mei 2017** bied ons skool bogenoemde prestige dag aan. Om als vlot te laat verloop, het ons elkeen se hulp nodig met die verkope ens.

- Daarom is daar vanaand, 20 April, 'n vergadering om 18:00 vir alle ouers in die skoolsaal om verkope ens. te bespreek.
- Elke graad kry iets anders om te verkoop die betrokke dag.

U hulp en insette word hoog op prys gestel.

NETBAL

Sterkte aan ons **A, B en C-spanne** met hul 1e ligawedstryde te L/S Kruisig.

LIGADATUMS:

20 April	**L/S Kruinsig (WEG)**
3 Mei	**L/S Edleen (TUIS)**
10 Mei	**L/S Van Riebeeckpark (WEG)**
17 Mei	**L/S Orion (TUIS)**
24 Mei	**L/S J v Riebeeck (TUIS)**
31 Mei	**L/S Randhart (TUIS)**
7 Junie	**L/S Impala (WEG)**

- **Tuiswedstryde word by Hoërskool Alberton gespeel.**

Sterkte ook aan Kristin Lloyd (0/13) wat deur is na die 2e rondte van die Gautengproewe.

WELPIERUGBY EN MINI-NETBALTOERNOOI - 22/04

Dit vind op **22 APRIL** by **L/S GEN ALBERTS** plaas. Leerders sal programme ontvang.

LW! NETBAL: Net die A + B spanne speel **netbal.**

RUGBY

Geluk aan ons 0/11B en 2e Spanne met hul wen teen L/S Mooirivier.

Sterkte aan **Roland v Tonder, Stephan v Deventer, Cephas v Biljon, Marco van Staden** en **Bernhardt Steyn** met die die **Goue Leeus 0/12 en 0/13 proewe .**

OUERAANDE

Op **Maandag 24/04 (Jnr)** EN **Di 25/4 (Snr)**
gaan die oueraande plaasvind.

Uitnodigings is uitgestuur vir ouers van leerders wat onderwysers moet kom spreek.

- Ouers wat sonder uitnodiging wil kom is welkom.
- Vanaf **19:30 - 20:00**

KUNSWEDSTRYD 2017

Die Alberton Kunswedstryd begin weer in die **derde kwartaal.**

Alle leerders wat graag wil deelneem, kan solank hulle inskrywings-gelde by hulle onderwysers inbetaal.

Die kostes beloop **R40 per item** en die **groepe R20.** Die **sluitingsdatum** vir alle gelde is **26 April 2017.**

GEEN gelde sal na die datum ontvang word nie.

Ons wil weer hierdie jaar soveel moontlike leerders geleentheid gee om deel te neem.

Langnaweek

Die skool gaan op **Woensdag 26 April** 2017 verdaag om **12:00**

Donderdag, ***27 April 2017*** is dit **Vryheidsdag.**
Vrydag, **28ste April 2017** is 'n **Skoolvakansiedag.**
Maandag, **1 Mei** is dit **Werkersdag**.

Die skool sal weer normaal voortgaan op Dinsdag, 2 Mei 2017.

VRYDAGDRAG + WINTERSDRAG

Vrydagdrag sal tot einde April toegelaat word.

Wintersdrag is **verpligtend** vanaf Dinsdag 2 Mei 2017